OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 Donderdag 15 Februarie 1990 WINDHOEK Thursday 15 February 1990 No. 5895

INHOUD:

Bladsy

AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. AG. 6 Bepaling van tydperk kragtens artikel 10A van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 2

No. AG. 7 Wet op Vreemdelinge, 1937: Vansverandering: Gillespie na Tschudin 3

No. AG. 8 Wet op Vreemdelinge, 1937: Vansverandering: Augusto na Schiceya 3

No. AG. 9 Wysiging van grense van die Waterberg-Platopark 3

No. AG. 10 Aanstelling van Registrateur van Koöperatiewe Verenigings 4

No. AG. 11 Wysiging van spesiale heffing kragtens die Wet op die Vleisbedryf, 1981 5

No. AG. 12 Verklaring tot Nasionale Gedenkwaardigheid: Tweede Direkteurshuis: Tsumeb 5

No. AG. 13 Verklaring tot Nasionale Gedenkwaardigheid: Otavi Minen und Eisenbahn Gesellschaft (Omeg) Minenbüro: Tsumeb 6

No. AG. 14 Verklaring tot Nasionale Gedenkwaardigheid: Duitse Privaatskoolgebou: Tsumeb 7

No. AG. 15 Verklaring tot Nasionale Gedenkwaardigheid: Rooms-Katolieke Kerkgebou: Tsumeb 8

ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 8 Munisipaliteit Otavi: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies 9

CONTENTS:

Page

AG. GOVERNMENT NOTICES

No. AG. 6 Determination of period under section 10A of the Arms and Ammunition Act, 1990 2

No. AG. 7 Aliens Act, 1937: Change of surname: Gillespie to Tschudin 3

No. AG. 8 Aliens Act, 1937: Change of surname: Augusto to Schiceya 3

No. AG. 9 Amendment of the boundaries of the Waterberg Plateau Park 3

No. AG. 10 Appointment of Registrar of Co-operative Societies 4

No. AG. 11 Amendment of special levy under the Meat Industry Act, 1981 5

No. AG. 12 Declaration as National Monument: Second Director's House: Tsumeb 5

No. AG. 13 Declaration as National Monument: Otavi Minen und Eisenbahn Gesellschaft (Omeg) Minenbüro: Tsumeb 6

No. AG. 14 Declaration as National Monument: German Private School Building: Tsumeb 7

No. AG. 15 Declaration as National Monument: Roman Catholic Church Building: Tsumeb 8

GENERAL NOTICES

No. 8 Municipality of Otavi: Amendment of Native Location Regulations 9

No. 9	Stad Windhoek: Permanente sluiting van Gedeelte 1 van Sheffieldstraat en Gedeelte X van Erf 6419 Windhoek (Straat)	10
No. 10	Munisipaliteit van Tsumeb: Permanente sluiting van Openbare Oop Ruimte	10

No. 9	City of Windhoek: Permanent closing of Portion 1 of Sheffield Street and Portion X of Erf 6419 (Street) Windhoek	10
No. 10	Municipality of Tsumeb: Permanent closure of Public Open Space	10

A G. Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN POLISIE

No. AG. 6 1990

BEPALING VAN TYDPERK KRAGTENS ARTIKEL 10A VAN DIE WET OP WAPENS EN AMMUNISIE, 1969

Kragtens artikel 10A van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet 75 van 1969), bepaal ek hierby dat indien iemand wat 'n wapen of ammunisie in stryd met die bepalings van artikel 2 of 36 van genoemde Wet in sy besit het, daardie wapen of ammunisie by 'n polisiestasie of aan 'n polisieman binne 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing oorhandig, die bepalings van artikel 4(4), (5) en (7) van genoemde Wet *mutatis mutandis* op hom en daardie wapen of ammunisie van toepassing is.

L.A. PIENAAR
Administrateur-generaal

Windhoek, 31 Januarie 1990

A G. Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF POLICE

No. AG. 6 1990

DETERMINATION OF PERIOD UNDER SECTION 10A OF THE ARMS AND AMMUNITION ACT, 1969

Under section 10A of the Arms and Ammunition Act, 1969 (Act 75 of 1969), I hereby provide that if any person who is in possession of any arm or ammunition contrary to the provisions of section 2 or 36 of the said Act, surrenders such arm or ammunition at any police station or to any policeman within a period of six months from the date of publication of this notice, the provisions of section 4(4), (5) and (7) shall *mutatis mutandis* apply to him and to such arm or ammunition.

L.A. PIENAAR
Administrator-General

Windhoek, 31 January 1990

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 7 1990

WET OP VREEMDELINGE, 1937: VANSVERANDERING: GILLESPIE NA TSCHUDIN

Ingevolge artikel 9(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, behoorlik deur die Administrateur-generaal daartoe gemagtig kragtens genoemde artikel, TREVOR GILLESPIE, woonagtig te Erf 278, Tsumeb, kragtens genoemde artikel veroorloof het om die van TSCHUDIN aan te neem.

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG. 8 1990

WET OP VREEMDELINGE, 1937: VANSVERANDERING: AUGUSTO NA SCHICEYA

Ingevolge artikel 9(1) van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Burgersake en Mannekrag, behoorlik deur die Administrateur-generaal daartoe gemagtig kragtens genoemde artikel, ELIAS ARMANDO AUGUSTO, woonagtig te Purcellstraat 10, Windhoek-Wes, kragtens genoemde artikel veroorloof het om die van SCHICEYA aan te neem.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 9 1990

WYSIGING VAN GRENSE VAN DIE WATERBERG-PLATOPARK

Ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal die grense van die Waterberg-Platopark, wat tot wildtuin verklaar is by Proklamasie 49 van 1972, gewysig het deur die Bylae daarby deur die volgende Bylae te vervang:

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 7 1990

ALIENS ACT, 1937: CHANGE OF SURNAME: GILLESPIE TO TSCHUDIN

In terms of section 9(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), it is hereby made known that the Secretary of Civic Affairs and Manpower, duly authorised thereto under the said section by the Administrator-General, has under the said section authorised TREVOR GILLESPIE, residing at Erf 278, Tsumeb, to assume the surname TSCHUDIN.

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 8 1990

ALIENS ACT, 1937: CHANGE OF SURNAME: AUGUSTO TO SCHICEYA

In terms of section 9(1) of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), it is hereby made known that the Secretary of Civic Affairs and Manpower, duly authorised thereto under the said section by the Administrator-General, has under the said section authorised ELIAS ARMANDO AUGUSTO, residing at 10 Purcell Street, Windhoek West, to assume the surname SCHICEYA.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 9 1990

AMENDMENT OF THE BOUNDARIES OF THE WATERBERG PLATEAU PARK

In terms of section 15 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), it is hereby made known that the Administrator-General has amended the boundaries of the Waterberg Plateau Park, which was declared to be a game park by Proclamation 49 of 1972, by the substitution for the Schedule thereto of the following Schedule:

"BYLAE

WATERBERG-PLATOPARK

Die gebied soos volg begrens:

Begin by die mees suidelike hoekbaken van die plaas Oase 112, Registrasie-afdeling B; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting langs die grense van die volgende plase om hulle uit hierdie gebied uit te sluit: Plaas 963, Rgistrasie-afdeling B, Kurland 457,. Okamiparara 335, Okatjikona 334 (Gedeelte 1 van Otjikona 493), almal geleë in Registrasie-afdeling D tot by die punt waar die oostelike grens van laasgenoemde plaas die noordwestelike kant van distrikspad 2512 kruis; daarvandaan suidweswaarts langs genoemde noordwestelike kant van laasgenoemde pad tot waar dit die suidwestelike grens van Onjoka 333 (Gedeelte 2 van Otjikona 493), Registrasie-afdeling D, kruis; daarvandaan algemeen suidweswaarts langs die grense van die volgende plase om hulle uit hierdie gebied uit te sluit: Okamumbonde 332, Otjosongombe 327, Rodenstein 307 (om gedeeltes 1, 2 en 3 van laasgenoemde plaas in te sluit), Okamuru 289, Omuverume Nord 147, Hohenstein 305, Osonanga 368, Nog Verder 427, almal geleë in Registrasie-afdeling D; Gedeelte 3 van Warlencourt 99, Restant van Gedeelte 2 (Hoffmanstal) van Warlencourt 99, beide geleë in Registrasie-afdeling B, en Plaas 506, geleë in Registrasie-afdeling D, tot by die beginpunt.".

"SCHEDULE

WATERBERG PLATEAU PARK

The area bounded as follows:

Beginning at the southernmost corner beacon of the farm Oase 112, Registration Division B; thence in a general southernly direction along the boundaries of the following farms so as to exclude them from this area: Farm 963, Registration Division B, Kurland 457, Okamiparara 335, Okatjikona 334 (Portion 1 of Otjikona 493), all situated in Registration Division D to the point where the eastern boundary of the last-mentioned farm intersects by the northwestern edge of district road 2512; thence southwestwards along the said northwestern edge of the last-mentioned road to the point where it intersects the southwestern boundary of Onjoka 333 (Portion 2 of Otjikona 493), Registration Division D; thence generally southwestwards along the boundaries of the following farms so as to exclude them from this area: Okamumbonde 332, Otjosongombe 327, Rodenstein 307 (so as to include portions 1, 2 and 3 of the last-mentioned farm), Okamuru 289, Omuverume Nord 147, Hohenstein 305, Osonanga 368, Nog Verder 427, all situated in Registration Division D; Portion 3 of Warlencourt 99 and Remainder of Portion 2 (Hoffmanstal) of Warlencourt 99, both situated in Registration Division B, and Farm 506, situated in Registration Division D, to the point of beginning.".

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 10 1990

AANSTELLING VAN REGISTRATEUR VAN KOÖPERATIEWE VERENIGINGS

1. Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 3(1) van die Ordonnansie op Koöperatiewe Verenigings, 1946 (Ordonnansie 15 van 1946), BERND ROTHKEGEL, in diens van die Departement van Landbou en Natuurbewaring, Kamer 46, "Landbougebou", h/v Leutwein- en Peter Müllerstraat, Windhoek,

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 10 1990

APPOINTMENT OF REGISTRAR OF CO-OPERATIVE SOCIETIES

1. It is hereby made known for general information that the Administrator-General has under section 3(1) of the Co-operative Societies Ordinance, 1946 (Ordinance 15 of 1946), appointed BERND ROTHKEGEL, employed at the Department of Agriculture and Nature Conservation, Room 46, "Agricultural Building", c/o Leutwein and Peter Müller Streets,

van Koöperatiewe Verenigings aangestel het.

2. Korrespondensie kan gerig word aan Die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, Privaatsak 13184, Windhoek, 9000.

Windhoek, as Registrar of Co-operative Societies, with effect from 1 October 1989.

2. Correspondence may be directed to The Registrar of Co-operative Societies, Private Bag 13184, Windhoek, 9000.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

No. AG. 11 1990

WYSIGING VAN SPESIALE HEFFING KRAGTENS DIE WET OP DIE VLEISBEDRYF, 1981

Kragtens artikel 17(1) van die Wet op die Vleisbedryf, 1981 (Wet 12 van 1981), en op aanbeveling van die Suidwes-Afrikaanse Vleisraad, wysig ek hierby die bedrae van die spesiale heffing opgelê by Goewermentskennisgewing 198 van 1986 deur –

(a) in die tweede kolom van die Bylae by genoemde Goewermentskennisgewing die bedrag "R0,75" deur die bedrag "R2,00" te vervang; en

(b) in die derde kolom van die Bylae by genoemde Goewermentskennisgewing die bedrag "R0,75" deur die bedrag "R2,00" te vervang.

L.A. Pienaar
Administrateur-generaal Windhoek, 1 Februarie 1990

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 11 1990

AMENDMENT OF SPECIAL LEVY UNDER THE MEAT INDUSTRY ACT, 1981

Under section 17(1) of the Meat Industry Act, 1981 (Act 12 of 1981), and on the recommendation of the South West African Meat Board, I hereby amend the amounts of the special levy imposed by Government Notice 198 of 1986 by the substitution –

(a) in the second column of the Schedule to the said Government Notice for the amount "R0,75" of the amount "R2,00"; and

(b) in the third column of the Schedule to the said Government Notice for the amount "R0,75" of the amount "R2,00".

L.A. Pienaar
Administrator-General Windhoek, 1 February 1990

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. AG. 12 1990

VERKLARING TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID: TWEEDE DIREKTEURSHUIS: TSUMEB

Kragtens artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), ver-

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. AG. 12 1990

DECLARATION AS NATIONAL MONUMENT: SECOND DIRECTOR'S HOUSE: TSUMEB

Under section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I hereby declare the

klaar ek hierby die onroerende goed in die Bylae omskryf tot nasionale gedenkwaardigheid vanweë die historiese belang daarvan in genoemde Bylae vermeld.

L.A. PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 14 Augustus 1989

BYLAE

BESKRYWING VAN EIENDOM

Die Tweede Direkteurshuis op Erf 890, groot 8,4513 (agt komma vier vyf een drie) hektaar, Tsumeb, geleë in die munisipale gebied van Tsumeb, Registrasie-Afdeling B, soos voorgestel op Diagram No. A.52/73 van die Landmeter-generaal, gedateer Augustus 1972 en geliasseer in die kantoor van die Landmeter-generaal, Windhoek.

HISTORIESE EN ESTETIESE BELANG

Hierdie gebou is in 1912 opgerig en is die tweede oudste gebou in Tsumeb. Die eertydse voorkoms van die gebou het behoue gebly en verder word dit gekenmerk deur horinkies wat gebruik is vir lugsirkulasie.

immovable property described in the Schedule to be a national monument by reason of the historical interest thereof mentioned in the said Schedule.

L.A. PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 14 August 1989

SCHEDULE

DESCRIPTION OF PROPERTY

The Second Director's House on Erf 890, measuring 8,4513 (eight comma four five one three) hectares, Tsumeb, situated in the municipal area of Tsumeb, Registration Division B, as presented on Surveyor-General's Diagram No. A.52/73, dated August 1972 and filed in the office of the Surveyor-General, Windhoek.

HISTORICAL AND AESTHETIC INTEREST

This building was erected in 1912 and is the second oldest building in Tsumeb. The former appearance of the building was preserved and furthermore it is distinguished by little horns which were used for circulation of air.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. AG. 13 1990

VERKLARING TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID: OTAVI MINEN UND EISENBAHN GESELLSCHAFT (OMEG) MINENBÜRO: TSUMEB

Kragtens artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek hierby die onroerende goed in die Bylae omskryf tot nasionale gedenkwaardigheid vanweë die historiese belang daarvan in genoemde Bylae vermeld.

L.A. PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 14 Augustus 1989

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. AG. 13 1990

DECLARATION AS NATIONAL MONUMENT: OTAVI MINEN UND EISENBAHN GESELLSCHAFT (OMEG) MINENBÜRO: TSUMEB

Under section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I hereby declare the immovable property described in the Schedule to be a national monument by reason of the historical interest thereof mentioned in the said Schedule.

L.A. PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 14 August 1989

BYLAE

BESKRYWING VAN EIENDOM

Die Otavi Minen und Eisenbahn Gesellschaft (OMEG) Minenbüro op Erf 103, groot 14 (veertien) are en 70 (sewentig) vierkante meter, Tsumeb Dorp, geleë in die munisipale gebied van Tsumeb, Registrasie-Afdeling B, gehou kragtens Transportakte 673/1947, gedateer 14 November 1947.

HISTORIESE BELANG

Die Otavi Minen und Eisenbahn Gesellschaft (OMEG) Minenbüro is in 1907 opgerig en is 'n prominente landmerk in sy omgewing.

SCHEDULE

DESCRIPTION OF PROPERTY

The Otavi Minen und Eisenbahn Gesellschaft (OMEG) Minenbüro on Erf 103, measuring 14 (fourteen) acres and 70 (seventy) square metres, Tsumeb Township, situated in the municipal area of Tsumeb, Registration Division B, held under Deed of Transfer 673/1947, dated 14 November 1947.

HISTORICAL INTEREST

The Otavi Minen und Eisenbahn Gesellschaft (OMEG) Minenbüro was erected in 1907 and is a prominent landmark in its environment.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. AG. 14 1990

VERKLARING TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID: DUITSE PRIVAATSKOOLGEBOU: TSUMEB

Kragtens artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek hierby die onroerende goed in die Bylae omskryf tot nasionale gedenkwaardigheid vanweë die historiese belang daarvan in genoemde Bylae vermeld.

L.A. PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 14 Augustus 1989

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. AG. 14 1990

DECLARATION AS NATIONAL MONUMENT: GERMAN PRIVATE SCHOOL BUILDING: TSUMEB

Under section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I hereby declare the immovable property described in the Schedule to be a national monument by reason of the historical interest thereof mentioned in the said Schedule.

L.A. PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 14 August 1989

BYLAE

BESKRYWING VAN EIENDOM

Die Duitse Privaatskoolgebou op Erf 896, groot 6478 (sesduisend vierhonderd agt-en-sewentig) vierkante meter, Tsumeb Dorp, geleë in die munisipale gebied van Tsumeb, Registrasie-Afdeling B, gehou kragtens Sertifikaat van Verenigde Titel T 2361/1974, gedateer 16 September 1974.

SCHEDULE

DESCRIPTION OF PROPERTY

The German Private School Building on Erf 896, measuring 6478 (six thousand four hundred seventy-eight) square metres, Tsumeb Township, situated in the municipal area of Tsumeb, Registration Division B, held under Certificate of Consolidated Title T 2361/1974, dated 16 September 1974.

HISTORIESE BELANG

Hierdie gebou is in 1915 opgerig. Dit het aanvanklik gedien as skool, later as hospitaal en residensiële gebou en vanaf 1975 as museum.

HISTORICAL INTEREST

This building was erected in 1915. It initially served as school, later as hospital and residential building and from 1975 as museum.

DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. AG. 15 1990

VERKLARING TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID: ROOMS-KATOLIEKE KERKGEBOU: TSUMEB

Kragtens artikel 10(1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek hierby die onroerende goed in die Bylae omskryf tot nasionale gedenkwaardigheid vanweë die historiese belang daarvan in genoemde Bylae vermeld.

L.A. PIENAAR
Administrateur-generaal Windhoek, 14 Augustus 1989

BYLAE

BESKRYWING VAN EIENDOM

Die Rooms-Katolieke Kerkgebou op Erf 391, groot 4648 (vierduisend seshonderd agt-en-veertig) vierkante meter, Tsumeb Dorp, geleë in die munisipale gebied van Tsumeb, Registrasie-Afdeling B, gehou kragtens Sertifikaat van Verenigde Titel 2690/1969, gedateer 1 Desember 1969.

HISTORIESE BELANG

Hierdie gebou is in 1913 opgerig en is 'n jaar later ingewy. Dit is die oudste kerkgebou in Tsumeb en is 'n prominente landmerk in die historiese deel van die dorp.

DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. AG. 15 1990

DECLARATION AS NATIONAL MONUMENT: ROMAN CATHOLIC CHURCH BUILDING: TSUMEB

Under section 10(1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I hereby declare the immovable property described in the Schedule to be a national monument by reason of the historical interest thereof mentioned in the said Schedule.

L.A. PIENAAR
Administrator-General Windhoek, 14 August 1989

SCHEDULE

DESCRIPTION OF PROPERTY

The Roman Catholic Church Building on Erf 391, measuring 4648 (four thousand six hundred and forty-eight) square metres, Tsumeb Township, situated in the municipal area of Tsumeb, Registration Division B, held under Certificate of Consolidated Title 2690/1969, dated 1 December 1969.

HISTORICAL INTEREST

This building was erected in 1913 and was inaugurated a year later. It is the oldest building in Tsumeb and is a prominent landmark in the historical part of the town.

Algemene Kennisgewings

No. 8 1990

MUNISIPALITEIT OTAVI: WYSIGING VAN INBOORLINGLOKASIEREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Otavi het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 39 van 1967, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

BYLAE

Bylae V word hierby gewysig deur –

(a) in item 2(a) die bedrag "R10,60" deur die bedrag "R16,10" te vervang;

(b) in item 2(b) die bedrag "R5,60" deur die bedrag "R12,10" te vervang;

(c) in item 2(c) die bedrag "R0,60" deur die bedrag "R8,10" te vervang;

(d) in item 2(d) die bedrag "R72,00" deur die bedrag "R80,00" te vervang; en

(e) in item 5 die bedrag "R10,00" deur die bedrag "R12,00" te vervang.

General Notices

No. 8 1990

MUNICIPALITY OF OTAVI: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS

The council of the Municipality of Otavi has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 39 of 1967, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 32(4) of the said native (Urban Areas) Proclamation, 1951.

SCHEDULE

Schedule V is hereby amended by the substitution –

(a) in item 2(a) for the amount "R10,60" of the amount "R16,10";

(b) in item 2(b) for the amount "R5,60" of the amount "R12,10";

(c) in item 2(c) for the amount "R0,60" of the amount "R8,10";

(d) in item 2(d) for the amount "R72,00" of the amount "R80,00"; and

(e) in item 5 for the amount "R10,00" of the amount "R12,00".

No. 9 1990

STAD WINDHOEK

PERMANENTE SLUITING VAN GEDEELTE 1 VAN SHEFFIELDSSTRAAT EN GEDEELTE X VAN ERF 6419 WINDHOEK (STRAAT)

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie nr. 13 van 1963) soos gewysig, dat die Munisipaliteit Windhoek van voorneme is om die ondergemelde gedeeltes soos aangedui op plan P/2470/A wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsbeplanner, kamer 702, Stadshuis, Kaiserstraat, ter insae lê, permanent te sluit:

GEDEELTE 1 VAN SHEFFIELDSTRAAT EN GEDEELTE X VAN ERF 6419 WINDHOEK (STRAAT)

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Artikel 183(3) van bogemelde Ordonnansie binne dertig dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak 13289, en die Stadsklerk, Posbus 59, Windhoek, bestel word..

WJ KOTZé
STADSKLERK

No. 9 1990

CITY OF WINDHOEK

PERMANENT CLOSING OF PORTION 1 OF SHEFFIELD STREET & PORTION X OF ERF 6419 (STREET) WINDHOEK

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance no 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Windhoek proposes to close permanently, the undermentioned portions as indicated on plan P/2470/A which lies for inspection during office hours at the office of the Town Planner, Room 702, Municipal Offices, Kaiser Street:

PORTION 1 OF SHEFFIELD STREET AND PORTION X OF ERF 6419 WINDHOEK (STREET)

Objections to the proposed closing are to be served on the Director, Local Authorities and Development Planning, Private Bag 13289, and the Town Clerk, PO Box 59, Windhoek, within 30 days after the appearance of this notice in accordance with Article 183(3) of the above Ordinance.

WJ KOTZé
TOWN CLERK

No. 10 1990

MUNISIPALITEIT VAN TSUMEB

PERMANENTE SLUITING VAN OPENBARE OOP RUIMTE

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 183(1)(b)(ii) van die Munisipale Ordonnansie (Ord 13 van 1963) soos gewysig dat die Munisipaliteit Tsumeb van voorneme is om 'n gedeelte van 'n straat, Nomtsoub, soos aangedui op plan 263 494 X1 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge Art 183(3) van bogenoemde Ordonnansie

No. 10 1990

MUNICIPALITY OF TSUMEB

PERMANENT CLOSURE OF PUBLIC OPEN SPACE

Notice is hereby given in terms of Section 183(1)(b)(ii) of the Municipal Ordinance (Ord No 13 of 1963) as amended, that the Municipality of Tsumeb intends to close permanently for public use a portion of a street, Nomtsoub, as shown on plan 263 494 X1. This plan lies for inspection at the office of the Town Clerk during office hours.

Objections against the proposed closure must, according to section 183(3) of the above mentio-

binne dertig (30) dae na die verskyning van die kennisgewig aan die Direkteur, Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak 13289, Windhoek en die Stadsklerk, Posbus 275, Tsumeb gestel word.

O.J. BRITZ
STADSKLERK

ned Ordinance, served within thirty (30) days after the appearance of this notice to the Director, Local Authorities and Development Planning, Private Bag 13289, Windhoek and the Town Clerk, P O Box 275, Tsumeb.

O.J. BRITZ
TOWN CLERK

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.

Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.

Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa